

# DIE GODDELIKE KOMPLOT

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

***Ons kies om minder kompartemente in ons lewens te bou en meer geïntegreed en met meer integriteit te leef.***

**Mat 23:1-11, 23-28**

*Integrity is doing the right thing when even no one is watching.*

CS Lewis

**INTEGRITEIT** (def) – kom van die Latynse woord *integer* wat *heel* of *ongeskonde* beteken. *Integriteit* is die kwaliteit om met eerlikheid en sterk morele beginsels te leef. Jy doen dit nie om raakgesien te word of omdat mense dit van jou verwag nie. Jou eerlike leefstyl kom van 'n gesonde innerlike kompas wat jou gedrag bepaal. Dit is ingeweeft in jou wese, ***dit is wie jy is***. Jy kan nie anders as om die regte ding te doen nie.

## **Fariseërs vs Jesus**

In Mat 23 is Jesus naby aan die einde van sy bediening. Net in die vorige hoofstuk sien ons hoe die Fariseërs en Skrifgeleerdes Jesus met 'n paar vrae probeer vastrek. Dit loop uit op die groot vraag: *Wat is die grootste gebod?* Daar is natuurlik 'n rede vir hulle vraag. Die Fariseërs se kennis van die Wet het hulle onderskei as geleerdes. Mettertyd het dit

vir hulle begin gaan oor hulle *aansien*. Hulle het 'n gebedsband, 'n leerband om hulle voorkop en linkerhand en -arm gedra. Aan die gebedsband was kubusvormige leerdosies vas met perkamentrolletjies daarin waarop vier Skrifgedeeltes geskryf staan: Eks 13:1-10; Eks 13:11-16; Deut 6:6-9; Deut 11:13-21. Dit is gedoen in letterlike uitvoering van Eks 13:9 en Deut 6:8. Hulle verpakking van die Wet het 'n swaar las op mense geplaas – 'n funksie om te beïndruk, iets te verdien. Ook vir God te beïndruk, van Hom iets te verdien.

Jesus was vir die Fariseërs en Wetgeleerdes 'n klip in die skoene. Hulle ervaring van Hom was dat Hy van sy eerste openbare verskyning 'n streep deur die Wet kom trek het. Hy tel are op 'n Sabbat op, maak mense op 'n Sabbat gesond, Hy roep die melaatses nader, raak

hulle aan en moenie eers praat oor saam met wie Hy eet nie. Klaarblyk kom breek Jesus elke moontlike huisreël. Maar wat die Fariseërs eintlik die kwaadste gemaak het, was sy kennis van die Skrif en die Wette. Wat hulle laat wonder het oor hierdie Man wie se volgelinge by die dag meer geword het, was sy antwoord op hulle vraag oor die grootste gebod: *om God lief te hê met jou alles, om jouself lief te hê, en om jou naaste net so lief te hê.*

### **Jesus van die begin af besig met 'n Goddelike komplot – terug na die Wet**

Jesus voer van die begin af 'n Goddelike komplot, en dit is om mense terug te bring na die diepste bedoeling van die Wet. Hoekom Joodse kinders die Torah uit hulle koppe geleer het, was nie om dit soos 'n resitasie te kon opsê nie, maar eerder dat dit deel van hulle wese moes word. Hulle moes dit *integreer* – dit moes in hulle gedagtes bly, ingeskerp by hulle kinders, hulle moes daarvoor praat in die huis, op pad, as hulle gaan slaap, as hulle opstaan, hulle moes dit skryf op hulle deurkosyne en stadspoorte; sodat dit hulle innerlike kompas kon word, elke fasset van hulle lewe bepaal (Deut 6).

Jesus betrap die Fariseërs onkant as Hy die skare mense en die dissipels toespreek en hulle aanmoedig om te doen wat hulle en die Skrifgeleerdes leer. Maar dan kwalifiseer Jesus dit: *moenie hulle voorbeeld volg nie.* Jesus wou deur sy hele bediening, deur sy leefwyse kom wys dat die wet 'n deurleefde kompas is geskryf op die hart van elke gelowige. Om met integriteit te leef is vanuit hierdie enkelvoudige gerigtheid op God.

### **Ons almal trap in die strik**

Daar is een ding wat ek kan sê: *Gelukkig is ek nie soos die Fariseërs nie . . .* Toe die gedagte by my opkom, het ek het reeds in die strik getrap. Nie een van ons kan wegkom van die teks nie. Ons almal is deel van die Stellenbosche Boys (en girls), al kom jy oorspronklik van Gauteng. Ons almal het ons groepies. Ons woon op 'n dorp waar grade toegeken word, ons mekaar doktor, professor en dominee noem, ons mekaar op troontjies plaas, MBA's doen oor leierskap.

Om deel te word van die goddelike komplot is om te ontdek dat my identiteit nie lê in hoeveel grade bande om my nek hang en watter kleur toga ek dra nie, maar wat op my hart geskryf is, *Wie s'n ek is.*

*“Do you want to stand out? Then step down. Be a servant. If you puff yourself up, you'll get the wind knocked out of you. But if you're content to simply be yourself, your life will count for plenty”*  
(Mat 23:11,12 : The Message).

### **Vrae vir nadink en kleingroepe**

- Gesels met mekaar oor die uitdagings van ons dorp – oor hoe titels en mense se prestasies identiteit bepaal.
- Wat beteken Jesus se woorde in Mat 23:11,12 in die Message vertaling (hierbo) vir jou?
- Dink na oor wat vanoggend se doop vir jou beteken: *Wie s'n ek is . . .*

# DIE GODDELIKE KOMPLOT

Ons glo in die Goddelike Komplot, want ons glo God voer iets in die mou en ons is deel daarvan. Ons glo die Koninkryk van God is waar dit gebeur wat God wil sien gebeur. Ons glo gebed is om met God te praat oor dit wat ons sáám met Hom doen. Ons glo God roep ons om SAAM te LEEF en HEEL te WORD.

***Ons kies om minder kompartemente in ons lewens te bou en meer geïntegreed en met meer integriteit te leef.***

**Mat 23:1-11, 23-28**

*Integrity is doing the right thing when even no one is watching.*

CS Lewis

**INTEGRITEIT** (def) – kom van die Latynse woord *integer* wat *heel* of *ongeskonde* beteken. *Integriteit* is die kwaliteit om met eerlikheid en sterk morele beginsels te leef. Jy doen dit nie om raakgesien te word of omdat mense dit van jou verwag nie. Jou eerlike leefstyl kom van 'n gesonde innerlike kompas wat jou gedrag bepaal. Dit is ingeweef in jou wese, ***dit is wie jy is***. Jy kan nie anders as om die regte ding te doen nie.

## **Fariseërs vs Jesus**

In Mat 23 is Jesus naby aan die einde van sy bediening. Net in die vorige hoofstuk sien ons hoe die Fariseërs en Skrifgeleerdes Jesus met 'n paar vrae probeer vastrek. Dit loop uit op die groot vraag: *Wat is die grootste gebod?* Daar is natuurlik 'n rede vir hulle vraag. Die Fariseërs se kennis van die Wet het hulle onderskei as geleerdes. Mettertyd het dit

vir hulle begin gaan oor hulle *aansien*. Hulle het 'n gebedsband, 'n leerband om hulle voorkop en linkerhand en -arm gedra. Aan die gebedsband was kubusvormige leerdosies vas met perkamentrolletjies daarin waarop vier Skrifgedeeltes geskryf staan: Eks 13:1-10; Eks 13;11-16; Deut 6:6-9; Deut 11:13-21. Dit is gedoen in letterlike uitvoering van Eks 13:9 en Deut 6:8. Hulle verpakking van die Wet het 'n swaar las op mense geplaas – 'n funksie om te beïndruk, iets te verdien. Ook vir God te beïndruk, van Hom iets te verdien.

Jesus was vir die Fariseërs en Wetgeleerdes 'n klip in die skoene. Hulle ervaring van Hom was dat Hy van sy eerste openbare verskyning 'n streep deur die Wet kom trek het. Hy tel are op 'n Sabbat op, maak mense op 'n Sabbat gesond, Hy roep die melaatses nader, raak

hulle aan en moenie eers praat oor saam met wie Hy eet nie. Klaarblyk kom breek Jesus elke moontlike huisreël. Maar wat die Fariseërs eintlik die kwaadste gemaak het, was sy kennis van die Skrif en die Wette. Wat hulle laat wonder het oor hierdie Man wie se volgelinge by die dag meer geword het, was sy antwoord op hulle vraag oor die grootste gebod: *om God lief te hê met jou alles, om jouself lief te hê, en om jou naaste net so lief te hê.*

### **Jesus van die begin af besig met 'n Goddelike komplot – terug na die Wet**

Jesus voer van die begin af 'n Goddelike komplot, en dit is om mense terug te bring na die diepste bedoeling van die Wet. Hoekom Joodse kinders die Torah uit hulle koppe geleer het, was nie om dit soos 'n resitasie te kon opsê nie, maar eerder dat dit deel van hulle wese moes word. Hulle moes dit *integreer* – dit moes in hulle gedagtes bly, ingeskerp by hulle kinders, hulle moes daarvoor praat in die huis, oppad, as hulle gaan slaap, as hulle opstaan, hulle moes dit skryf op hulle deurkosyne en stadspoorte; sodat dit hulle innerlike kompas kon word, elke fasset van hulle lewe bepaal (Deut 6).

Jesus betrap die Fariseërs onkant as Hy die skare mense en die dissipels toespreek en hulle aanmoedig om te doen wat hulle en die Skrifgeleerdes leer. Maar dan kwalifiseer Jesus dit: *moenie hulle voorbeeld volg nie.* Jesus wou deur sy hele bediening, deur sy leefwyse kom wys dat die wet 'n deurleefde kompas is geskryf op die hart van elke gelowige. Om met integriteit te leef is vanuit hierdie enkelvoudige gerigtheid op God.

### **Ons almal trap in die strik**

Daar is een ding wat ek kan sê: *Gelukkig is ek nie soos die Fariseërs nie . . .* Toe die gedagte by my opkom, het ek het reeds in die strik getrap. Nie een van ons kan wegkom van die teks nie. Ons almal is deel van die Stellenbosche Boys (en girls), al kom jy oorspronklik van Gauteng. Ons almal het ons groepies. Ons woon op 'n dorp waar grade toegeken word, ons mekaar doktor, professor en dominee noem, ons mekaar op troontjies plaas, MBA's doen oor leierskap.

Om deel te word van die goddelike komplot is om te ontdek dat my identiteit nie lê in hoeveel grade bande om my nek hang en watter kleur toga ek dra nie, maar wat op my hart geskryf is, *Wie s'n ek is.*

*“Do you want to stand out? Then step down. Be a servant. If you puff yourself up, you'll get the wind knocked out of you. But if you're content to simply be yourself, your life will count for plenty”*  
(Mat 23:11,12 : The Message).

### **Vrae vir nadink en kleingroepe**

- Gesels met mekaar oor die uitdagings van ons dorp – oor hoe titels en mense se prestasies identiteit bepaal.
- Wat beteken Jesus se woorde in Mat 23:11,12 in die Message vertaling (hierbo) vir jou?

Dink na oor wat vanoggend se doop vir jou beteken: *Wie s'n ek is . . .*